KIX NA KENIA

NUUS UIT KENIA

Die Reformed Church of East Africa (RCEA) se kinderbediening was in Augustus met vakansieprogramme besig. Hierdie byeenkomste betrek minstens drie gemeentes se kinders op 'n slag en kan tot drie dae aanhou! Hier leer kinders van God se woord en hulle neem ook deel aan kompetisies met musiek, gedigte, voordragte en drama.

Verder het hulle 'n geleentheid gehad waar kinders hul oorgang na junior jeug gevier het.

2019 is 'n verkiesingsjaar in die RCEA se struktuur. Leiers vir die kinderbediening is reeds binne gemeentes aangewys. Hulle vra dat ons in hierdie tyd vir hulle sal bid – die volgende stap is om die nuwe leiers toepaslik op te lei.

Hier is 2 skakels na oulike video's wat ietsie wys van die kinders wat in Kenia bly! Julle is welkom om dit te wys vir julle groepies.

https://www.youtube.com/watch?v=XQ7wV9DeEqw

https://www.youtube.com/watch?v=lCHoE20-rMA

UITDAGING:

Maak 'n akroniem van Kenia se letters met woorde wat julle gebruik om oor Kenia te gesels en stuur vir ons 'n foto vir ons Facebook blad!

Onthou dit is die laaste kwartaal om jul projek te laat loop. Gelde wat ingesamel is vir die projek kan aan die einde van die jaar oorbetaal word aan die Jeugkantoor. Baie dankie vir julle entoesiastiese deelname aan die projek!